# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Subject** | **Afrikaans additionele Taal** | **Examiner** | **Mr. J Ellis** |
| **Date** | **10 November 2016** | **Total marks** | **45** |
| **Session** | **1** | **Duration** | **2 ure** |
| **Grade** | **5** | **Moderator** | **Mrs. W Pienaar** |

**Special instructions/ Equipment**

**Instruksies**

- **Lees jou vrae goed deur.**
- **Gebruik die woordelys om jou te help.**
- **Moenie enige oop spasies los nie.**
- **Gebruik jou tyd goed.**
- **Skryf netjies en leesbaar.**
- **Indien jy klaar is gaan weer deur jou vraestel.**

***Sterkte!***

**This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking. Time allocation on this examination includes provision for concession.**

**Naam: ____________________________ Graad 5: _____**

| WOORDELYS | |
|---|---|
| Aggresiewe | Aggressive |
| Bedreigde spesie | Endangered species |
| Bewaring | Safe keeping |
| Ernstig | Serious |
| Inhegtenis geneem | Arrested |
| Invalle | Invasion |
| Onlangse | Recent |
| Oorstromings | Flooding |
| Renoster | Rhino |
| Renosterhoring | Rhino horn |
| Renosterstroper | Rhino poacher |
| Stroping | Poaching |
| Situasie | Situation |
| Uitsterf | Extinction |
| Verdagte | Suspect |
| Volmaantydperk | Full moon period |



## Afdeling A: Leesbegrip [30]

- **Lees deur die volgende vrae (Vraag 1 tot Vraag 7)**
- **Lees die nuusberig op bladsy 5**
- **Beantwoord die vrae (Vraag 1 tot 7) oor die nuusberig.**

**Vraag 1:** Pas kolom A by kolom B.
Skryf die regte letter langs die nommer (7)

| | |
|---|---|
| 1. Die naam van die berig. | A) Oom Olifant |
| 2. Die naam van die koerant. | B) 30 November 2016 |
| 3. Die joernalis. | C) Een |
| 4. Die datum wanneer die berig gepubliseer is. | D) Renosterstroping |
| 5. Hoeveel verdagtes is in Diereland inhegtenis geneem? | E) 2016 |
| 6. Hoeveel verdagtes in Renosterland inhegtenis geneem? | F) Wildnuus |
| 7. Watter jaar is 57 renosterstropings in Diereland aangeteke? | G) 11 |

Skryf net die regte letter langs die nommer.

1. _____ 2. _____ 3. _____ 4. _____ 5. _____ 6. _____ 7. _____

**Vraag 2:** Volgens die inleidingsparagraaf.

a) Wat is doodgemaak? ________________________________ (1)
b) Wanneer is die dier doodgemaak? ______________________ (1)
c) Waar is die dier doodgemaak? _________________________ (1)

**Vraag 3:** Is die volgende stellings waar of onwaar?

a) Renosterstroping styg met 60% in Diereland van November 2015 tot November 2016.
________________________________________________ (1)

b) Daar is baie renosters in Diereland, hulle sal nie uitsterf nie.
________________________________________________ (1)

**Vraag 4:** Haal een woord uit die leesstuk wat dieselfde beteken as:

a) As alle diere van een spesie dood is_______________________ (1)
b) Onwettig doodgemaak. ______________________________ (1)

**Vraag 5:** Kies die regte word tussen hakkies om die sin waar te maak.

a) Daar word een renoster elke (12 uur / 15 uur) doodgemaak in 2016. (1)
b) Daar is (twee en veertig / vier en twintig) renoster stropings in Renosterland aangeteken. (1)

**Vraag 6:** Gee vier redes, volgens Meneer Uil, waarom daar so baie renosterstropings in Renosterland was?

1. ______________________________________________
______________________________________________ (1)
2. ______________________________________________
______________________________________________ (1)
3. ______________________________________________
______________________________________________ (1)
4. ______________________________________________
______________________________________________ (1)

**Vraag 7:** Beantwoord die vollgende vrae in vol sinne.

a) Watter ander lande, behalwe Renosterland, is deur stropings getref?

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________ (3)

b) Hoekom is renosterstroping ‘n ernstige saak volgens Koning Leeu?

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________ (1)

c) Wat dink jy doen die stropers met die renosterhorings?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

d) Noem 'n ander dier wat ook bedreig word deur stropers. Waarvoor word hulle gestroop?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

e) Wat sou jy doen om renosterstroping in Diereland te stop?


______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**Totaal Afdeling A:_____/30 Punte**



# <u>**Renosterstroping**</u>

*Uit Wildnuus, geskryf deur Oom Olifant*
*30 November 2016*



*Daar is verlede week nog ‘n renoster doodgemaak in Diereland.*

Altesaam is 57 renosterstropings alreeds die jaar in Diereland aangeteken. Dit beteken dat 80% meer renosters doodgemaak is in vergelyking met die syfers van November 2015.



Aan die begin van verlede jaar is een renoster sowat elke 15 uur doodgemaak! Volgens die mees onlangse syfers word een renoster elke 12 uur doodgemaak.

Volgens Meneer Uil is die meeste van die stropings, altesaam 42, in Renosterland aangeteken. Juffrou Renoster sê dit is omdat daar oorstromings was, te veel bos is, ’n volmaantydperk van twee weke was en aggresiewe invalle vanaf Jagluiperdland was. Die ander lande wat stropings gehad het, sluit in, Bobbejaanland, Springbokland en Buffelland.

Daar is 11 verdagtes in Diereland inhegtenis geneem, drie in Bobbejaanland, vyf in Springbokland, twee in Buffelland en net een in Renosterland.



Koning Leeu sê: “Die situasie is ongelooflik ernstig”. As al die renosters in Diereland uitsterf gaan die diere kinders nie die groot diere met hulle twee horings op hulle neus ken nie.

## Afdeling B: Taalleer [15]

**Vraag 1:** Voltooi die tabel. Die eerste woord is gedoen as voorbeeld. (4x½)

| **Enkelvoud** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| Renoster | Renosters | Renostertjie |
| Stert | Sterte | |
| Horing | | |
| Oog | | Ogie |

**Vraag 2:** Voltooi die sinne deur die **trappe van vergelyking** in te vul.

Byvoorbeeld: Hard – harder as – die hardste

a) Daar is **baie** renosters in Buffelland. Springbokland het ____________ as Buffelland, maar Bobbejaanland het die ____________ renosters. (2x½)

b) 'n Leeu is **groot**. 'n Buffel is __________ as 'n leeu, maar 'n renoster is die _______. (2x½)

**Vraag 3:** Skryf die volgende diere in **alfabetiese volgorde**. (1)

| **Renoster,** **Bobbejaan,** **Springbok,** **Buffel** |
|---|

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



**Vraag 4:** Onderstreep die **stam / basisvorm** in die volgende woord. (½)

Onthoring

**Vraag 5:** Bind die volgende woorde saam sodat dit een woord maak. **Samestellings.**

Renoster + Bewaring = ________________________________________ (½)

**Vraag 6:** Verdeel die volgende woorde in **lettergrepe**.

Renoster

____________________________________________________________(½)

**Vraag 7:** Onderstreep die regte **lidwoord** tussen hakies. (2)

a) ('n / Die) diere wil nie dat renosters uitsterf nie.
b) ('n / Die) renosterstroper is inhegtenis geneem in Diereland.

**Vraag 8:** Verbind die volgende sin deur die **voegwoord** in hakies te gebruik.

Die situasie is ongelooflik ernstig. Renosters is baie skaars. (want)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

**Vraag 9:** Skryf die volgende sin in **ontkennende vorm**.

Renosters kan teen stropers bewaar word.

______________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)



**Vraag 10:** Skryf die volgende sinne en vul die korrekte **leestekens en skryftekens** in.

Gebruik die volgende as leidrade.

| **Vraagteken, punt, aanhalingstekens, hoofletter, dubbelpunt** |
|---|

a) Waarom sal mense renosters wil doodmaak

________________________________________________ (½)

b) Meneer Uil sê Die meeste van die stropings is in Renosterland aangeteken.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________ (1)

**Vraag 11:** Skryf die volgende sin in **direkte rede**.

Byvoorbeeld: Meneer sê: “Renosters is ‘n bedreigde spesie.”

Die renosterstroper vra of hy ‘n renosterhoring kan verkoop.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________ (1)

**Vraag 12:** Skryf die volgende sin in **indirekte rede**.

Byvoorbeeld: Meneer sê dat renosters ‘n bedreigde spesie is.

Juffrou het gesê: “Hierdie renoster gaan môre dood wees.”

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________ (1)

**Vraag 13:** Skryf die volgende sinne in **lydende vorm**.

Byvoorbeeld: Die renoster word deur die mense gejag.

Die renoster eet die gras.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________(½)

**Vraag 14:** Skryf die volgende sinne in **bedrywende vorm**.

Byvoorbeeld: Die mense jag die renoster.

Die renoster word deur die mense gered.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________(½)

**Totaal Afdeling B: _______/15**

**Groot totaal: _______/45**

